# HOOFSTUK 6

# SAMEVATTING, BEVINDINGE, AANBEVELINGS EN TEKORTE

## 6.1 SAMEVATTING

In **HOOFSTUK EEN** is eerstens 'n **oriëntering** gegee ten opsigte van die navorsing. Daar is uiteengesit dat die meerderheid van verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente dogters in 'n kliniekskool hulle bevind in 'n primêre opvoedingsituasie wat gekenmerk word deur versteurde opvoedingsverhoudinge, asook versteurde opvoedingskommunikasie. Die versteurde opvoedingsituasie lei tot psigiese versteurdheid by hierdie dogters, wat dan tot uiting kom in gedragsversteurings. Wanneer hul gedragsversteurings sodanige afmetings aanneem dat dit vir die gemeenskap onaanvaarbaar geword het, word hulle as gedragsgeremd geklassifiseer en in 'n kliniekskool vir senior spesiale onderwys geplaas. Hier is hulle aangewese op intensiewe ortopedagogiese hulpverlening.

Waarneming van hierdie dogters in die kliniekskoolsamelewing dui daarop dat kommunikasiegeremdheid dikwels 'n deel vorm van hul gedragsgeremdheid. Omdat hulle in die gesin, as primêre saamleefgemeenskap, nie genoegsame aanvaarbare sosiale houdings, waardes, norme en gedragswyses aangeleer het nie, het hulle nie geleer hoe om toereikend te kommunikeer nie en kan hulle moeilik interpersoonlike verhoudings handhaaf. Hulle kommunikasie word gekenmerk deur ontoereikende, of selfs negatiewe kommunikasie.

Die ortopedagogiese hulpverlening in die kliniekskool neem onder andere die vorm aan van individuele pedoterapie, wat dit ten doel het om die verhoudinge tussen kind en volwassene te herstel deur middel van interpersoonlike kommunikasie tussen die pedoterapeut en die kind. Die ortopedagogiese inrigtingsituasie bied by uitstek ook die geleentheid om individuele pedoterapie aan te vul met groepterapeutiese metodes, met die doel om kommunikasie ook met die portuurgroep te herstel, of minstens te verbeter.

Die **doelstellings** van die ondersoek is vervolgens uiteengesit, naamlik om die aard en oorsake van verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente dogters in 'n kliniekskool se kommunikasiegeremdheid te ondersoek, asook om te bepaal of die betrokke dogters deur middel van groepterapie gehelp sal word tot meer toereikende interpersoonlike kommunikasie. 'n **Navorsingshipotese** is gestel, naamlik dat groepterapie verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente dogters in 'n kliniekskool sal help tot toenemende ontplooiing van hul kommunikasievermoëns, soos wat dit weerspieël word in verbeterde kommunikasiegedrag. 'n Eerste **nulhipotese** is gestel, naamlik dat die terapiegroep se totale kommunikasiegedrag nie beduidend sal verbeter na 'n groepterapeutiese program van twaalf sessies nie. Ook 'n tweede **nulhipotese** is gestel, naamlik dat daar nie 'n verband is tussen die beoordelaars se waarnemings van die kommunikasiegedrag van die terapiegroep nie. Vervolgens is die ondersoek **antropologies, sosiopedagogies** en **ortopedagogies** begrond. Die belangrikste **begrippe** van die ondersoek is uiteengesit en die **metodes van ondersoek** is aangedui. Ten slotte is die **navorsingsverloop** uiteengesit.

In **HOOFSTUK TWEE** is aangetoon op watter wyse verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente dogters se sosiale opvoeding ontoereikend verloop, omdat die **primêre opvoedingsverhoudinge** nie toereikend verwesenlik word nie. Daar is verder uiteengesit op watter wyse die ontoereikende verwesenliking van **primêre opvoedingskommunikasie** kan lei tot versteurde interpersoonlike kommunikasie in die breër samelewing. Vervolgens is aangedui in watter mate **milieugeremdheid** en die sosiopedagogiese verwaarlosing wat daaruit voortspruit, bydra tot die ontoereikende verwesenliking van die kommunikasievermoëns van die betrokke dogters. Laastens is uiteengesit tot watter mate **verstandelike gestremdheid** beskou kan word as 'n verswarende faktor ten opsigte van die ontplooiing van die kommunikasievermoëns van verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters in 'n kliniekskool.

Die waarde van groepterapie as sosiale heropvoedingshulp aan verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente dogters in 'n

kliniekskool het in **HOOFSTUK DRIE** onder die aandag gekom. Daar is aangedui dat daar **herstellende faktore** werksaam is tydens effektiewe groepterapie. 'n **Navorsingsoorsig** is gegee van groepterapie wat betrekking het op verstandelik gestremde adolessente, gedragsgeremde adolessente en adolessente in terapeutiese inrigtings. Verbeterde **interpersoonlike kommunikasie**, as **doelstelling** van groepterapie, is uiteengesit. Daar is aangetoon dat 'n **gestruktureerde benadering**, soos wat dit veral gebruik is in ontmoetingsgroepe, 'n besonder geskikte groepterapeutiese metode is ten opsigte van die betrokke dogters. Die **teoretiese agtergrond** van die ontmoetingsgroepbenadering is bespreek en enkele **tegnieke** is beskryf. Die waarde van **hulpterapeute** is bespreek. Ten slotte is die verskillende benaderings tot die **evaluering** van groepterapie uiteengesit.

Die wyse waarop die **empiriese ondersoek** uitgevoer is, is in **HOOFSTUK VIER** uiteengesit. Die **navorsingsontwerp** het die vorm aangeneem van 'n **veldstudie**, wat persoonlike waarneming, gesprekvoering, gevallestudies en ortopedagogiese eksperimentering behels. Die A-B-Enkelproefpersoonnavorsingsontwerp is gebruik. Daar is ook aangetoon volgens watter kriteria en prosedures die navorsingsgroep **saamgestel** is. Vervolgens is die **navorsingsverloop** uiteengesit. Tydens die eerste fase is die navorsingsgroep geselekteer en tydens die tweede fase is die groepterapie voortgesit met die finale navorsingsgroep. Daar is ook aangedui dat die **evaluering** en **interpretasie** van die groepterapie gedoen is by wyse van subjektiewe evaluering, grafiese voorstellings en statistiese ontledings. Ten slotte is die **ontwerp** van die **meetinstrumente**, naamlik 'n gedragsbeoordelingskaal, asook 'n selfverslaggewingsvraelys, beskryf.

**HOOFSTUK VYF** behels 'n beskrywing van die verloop van die groepterapie, asook die evaluering en interpretasie van die effekte van groepterapie. Eerstens is die verloop van die **eerste fase** van groepterapie uiteengesit. Dit behels die **voorbereiding** van die proefpersone, asook die **selektering** van die navorsingsgroep. Vervolgens is die ontplooiing van die kommunikasiegedrag van die

groep as geheel tydens die **tweede fase** van groepterapie beskryf en geëvalueer aan die hand van 'n **grafiese voorstelling**. 'n **Statistiese ontleding** is gedoen van die groep se vordering ten opsigte van hul kommunikasiegedrag.

Die ontplooiing van **elke afsonderlike proefpersoon** se kommunikasiegedrag is ook bestudeer en weergegee in die vorm van gevallestudies (vgl. paragraaf 5.5).

Hoofstuk vyf is afgesluit met 'n kort **samevatting** van die bevindinge.

## 6.2 BEVINDINGE

Die bevindinge wat verkry is vanuit die waarneming en evaluering van die groepterapie is drieërlei van aard en word vervolgens saamgevat.

### 6.2.1 <u>Bevindinge met diagnostiese waarde</u>

Dit het geblyk dat groepterapie diagnostiese waarde het ten opsigte van die betrokke dogters, omdat die ware aard van hul kommunikasiegeremdheid in die groep tot uiting gekom het. Probleme wat tydens individuele terapie deurgewerk moes word, het ook sigbaar geword. Bevindinge wat diagnostiese waarde het, word vervolgens uiteengesit.

#### 6.2.1.1 Opvoedingsverhoudinge en opvoedingskommunikasie

* Uit die terapie het geblyk dat sommige van die betrokke dogters weinig begrip en vertroue beleef in hul primêre opvoedingsituasie. Saam met verstandelike gestremdheid is dit waarskynlik die belangrikste rede waarom hulle begrip vir andere se nood beperk is en vertroue gevolglik moeilik in die groep opgebou is. Omdat hulle dikwels nie-menswaardig behandel is, verwerp hulle die gesag van hulle ouers. Daar was ook aanduidings van skewe normering. Veral tydens

die rolspel het dit geblyk dat hierdie dogters wel deeglik bekend is met disharmoniese opvoedingskommunikasie in die gesin.

6.2.1.2 **Kommunikasiegeremdheid**

Die kommunikasiegeremdheid van die betrokke dogters het veral tydens die eerste fase van groepterapie voorgekom. Dit volgende is ten opsigte hiervan bevind:

* **Die gevoelsaspek:** Tydens die groepterapie het die emosionele versteurdheid en labiliteit van veral sommige van die betrokke dogters duidelik geblyk. Hierdie labiliteit en ontoereikende gevoelsbeheer het dikwels gelei tot oorreaksie, veral in konfliksituasies. Hul ontsteltenis het tot uiting gekom in impulsiewe, infantiele gedrag, aggressie, onbeheerbare, steurende gedrag of onttrekking. Dit het verder geblyk dat hierdie gedrag hoofsaaklik die gevolg was van angs en hartseer rondom versteurde primêre opvoedingsituasies, rondom die self en die eie gebreke, asook 'n gebrek aan ware vertroue in die medemens. Onderliggend aan die angs lê die onvervulde behoeftes van die kind. Hierdie dogters het oor die algemeen 'n lae weerstand teen spanning. Hulle ontvlug situasies wat hulle nie kan hanteer nie, of probeer die onsekerheid afweer met steurende gedrag.

* **Magskommunikasie en gesagsaanvaarding:** Namate vryheid ingetree het, het die dogters hulle gebrek aan gesagsaanvaarding toenemend vertoon. Hulle gedrag is hoofsaaklik bepaal deur hul gevoelens en behoeftes en nie deur norme nie. Dit het geblyk dat ontoereikende opvoeding en voorlewing ten opsigte van aanvaarbare sosiale gedrag bydra tot hul kommunikasiegeremdheid. Juis daarom funksioneer hierdie dogters moeilik buite die gestruktureerde normafdwingende situasie, soos dit in die skool en koshuis gehandhaaf word. Die verwagting van die opvoeder word dus telkens gefrus-

treer ten opsigte van die handhawing van norme, omdat norme by hierdie kinders nie geïnternaliseerd is nie.

* **Buigsaamheid:** Dit het geblyk dat veral 'n onstabiele gevoelslewe kan lei tot onbuigsaamheid. Die gelabiliseerde dogter tree op soos sy wil en nie soos sy behoort op te tree nie. So 'n kind is hardkoppig, pas moeilik aan en gee nie maklik samewerking nie. Veral tydens die eerste fase van groepterapie was onbuigsame, eiesinnige en oorheersende optrede 'n sterk belemmerende faktor.

* **Erkenning van menswaardigheid:** Dit het geblyk dat al die betrokke dogters worstel met selfbeeldprobleme. Daar was dus nie genoegsame erkenning van die eie menswaardigheid nie. Hul algemene swak waaghouding, veral tydens die eerste fase van terapie, het gedui op hul belewing van ontoereikendheid en hul vrees vir mislukking. Tydens die tweede fase van terapie het hulle hul negatiewe belewenisse rondom die self meer direk geverbaliseer. Daar was ook aanduidings van liggaamlike selfbewustheid en 'n negatiewe liggaamsbelewing, wat hulle waaghouding verder verswak het. Veral tydens die eerste fase van groepterapie was hulle huiwerig om fisiese aktiwiteite uit te voer wat die aandag getrek het op hulself.

Die individualisme en egosentrisiteit van die betrokke dogters het toegeneem namate hulle groter vryheid ervaar het om hulself te wees. Die ingesteldheid op die self en die eie behoeftes en probleme belemmer hul vermoë tot kommunikasie. Hulle is hoofsaaklik ingestel op die eie behoeftes en probleme en misken dikwels die behoeftes, gevoelens en menswaardigheid van hul medegroeplede. Tydens die eerste fase het dit veral geblyk uit ongeduld, snedige opmerkings, stryery en pogings om aandag te trek op die self.

* **Rasionele denke:** Verstandelike gestremdheid het 'n remmende invloed op interpersoonlike kommunikasie. Die betrokke dog-

ters het in die algemeen gefunksioneer op 'n veel laer sosiale vlak as hul kronologiese ouderdom. Probleemoplossingsvaardighede, veral op interpersoonlike vlak, is beperk. Daar is weinig insig in die gedrag, gevoelens, motiverings en probleme van andere. Insig in verhoudinge is dus beperk en moet onderrig word.

Ook die negatiewe wyse waarop hierdie dogters hul skolastiese mislukkings en plasing in spesiale onderwys beleef het, het geblyk tydens die groepterapie. Hul swak waaghouding ten opsigte van intellektuele funksionering het geblyk uit hul onwilligheid, veral aanvanklik, om "moeilike" opdragte uit te voer wat 'n mate van verbeelding vereis het. Hulle word maklik oorbevra.

* **Gesprekvoering:** Hulle vermoë tot gesprekvoering is gerem as gevolg van verbale gestremdheid. Veral tydens die eerste fase van groepterapie is hul gesprekvoering ook belemmer deur 'n swak waaghouding en 'n gebrek aan ware vertroue in hul medegroeplede. Omdat hulle geneig is tot 'n egosentriese ingesteldheid, luister hulle dikwels nie behoorlik na wat andere sê nie. Dit dra verder daartoe by dat hulle andere nie maklik kan begryp nie.

* **Ontmoeting:** Omdat die voorafgaande wesenskenmerke van kommunikasie nie realiseer nie, vind die dogters dit moeilik om mekaar toenemend te aanvaar en te vertrou. Hulle vind dit dus moeilik om op meer persoonlike vlak met mekaar te kommunikeer en mekaar werklik te leer ken en begryp. Daarom beleef hulle dikwels nie die samesyn met die medemens as sinvol nie en leer hulle nie om waarlik om te gee vir die welsyn van die ander nie. Tydens die eerste fase was die dogters wel bereid tot nie-verbale interaksie, wat elemente van ontmoeting insluit. Bereidheid tot selfblootlegging op verbale vlak was egter beperk.

### 6.2.2 Bevindinge ten opsigte van die beplanning en toepassing van die groepterapie

#### 6.2.2.1 Die doelstellings van groepterapie

* Dit blyk dat groepterapie met verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters in 'n kliniekskool verskillende doelstellings moet hê. Sommige dogters kan in 'n groep geplaas word met diagnose as doel, soos byvoorbeeld A. Andere, soos E, B en F kan in 'n sosialiseringsgroep geplaas word waar samesyn en spontane aktiwiteite die doel is. Dogters soos C en D is gereed vir terapeutiese werk aan probleme as sulks. Nadat die spesifieke doelstellings van die verskillende dogters bepaal is, kan hergroeperings gedoen word om die dogters in te skakel by die tipe groepterapie wat vir hulle op daardie stadium die geskikste is. By sekere groepe sal daar nie te diep gewerk word nie, maar kan op 'n stadium weer teruggegaan word na individuele werk. Die groep kan dan weer voortgesit word, sodat die groeplede hul toenemende vermoë om in ontmoeting te tree kan uittoets en inoefen in die groep, en ook aan spesifieke probleme kan werk. Op hierdie wyse kan groepterapie en individuele terapie sinvol geïntegreer word.

#### 6.2.2.2 Die toepassing van groepterapie

* Dit het geblyk dat duidelike instruksies en 'n gestruktureerde benadering baie belangrik is vir die doeltreffende toepassing van groepterapie met hierdie dogters, hoewel hulle ook toegelaat moet word om self te kies of hulle wil deelneem. Sover moontlik is spontane optrede aangemoedig binne die riglyne wat daargestel is. Sodoende kon die klem verskuif vanaf uiterlike druk tot innerlike motivering.

* Demonstrasies van die wyse waarop opdragte uitgevoer moes word, was van groot hulp om die dogters te motiveer tot deelname. Dit het aan hulle die vrymoedigheid gegee om deel

te neem aan meer abstrakte opdragte, soos om byvoorbeeld 'n denkbeeldige persoon in 'n leë stoel te plaas en met daardie persoon te "praat". Dit het gelei tot meer spontaneïteit en 'n groter samehorigheidsgevoel tussen die terapeute en die groep. Die terapeute kon ook dien as rolmodelle van positiewe deelname en interaksie.

* Die belangrikheid van direkte steun, aanmoediging en waardering ten opsigte van die suksesvolle hantering van verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters in groepsituasies het geblyk. Dit was ook dikwels nodig om die dogters te herinner aan hulle onderneming om aan te gaan met die groep, selfs al voel hulle sleg of ontsteld. Sodoende is 'n sin vir medeverantwoordelikheid ten opsigte van die groep aangekweek.

* Verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente dogters raak gou uitgeput en beskik nie oor die vermoë om langdurig aandag te gee nie. Voortdurende afwisseling van aktiwiteite was dus noodsaaklik. Sessies met hierdie dogters behoort nie langer te duur as dertig minute nie.

6.2.2.3 **Die selektering van die navorsingsgroep**

* Dit het geblyk dat veral die emosioneel onstabiele dogters bedreig is deur die verwydering van bestaande lede en die insluiting van nuwe lede in die groep. Hulle het dan deelname geweier en dit het gelei tot konflik in die groep. Die konflik het weer gelei tot verdere onttrekking en regressiewe gedrag by die meer gelabiliseerde dogters. Dit dui daarop dat groepstabiliteit verkiesliker is as wisseling in die groep. As gevolg van die wisselvalligheid van die kliniekskoolpopulasie, kan groepstabiliteit nie altyd gehandhaaf word nie.

* Deelname aan 'n selekteringsfase van groepterapie is 'n effektiewe manier waarvolgens bepaal kan word of 'n persoon

geskik is vir groepterapie. Dit het geblyk dat onbeheersde, luidrugtige en uiters impulsiewe, hiperaktiewe dogters nie ingesluit behoort te word in 'n terapiegroep nie, aangesien die aanwesigheid van so 'n persoon die verloop van groepterapie ernstig versteur. So 'n persoon sal waarskynlik self nie baat by groepterapie nie (Yalom, 1985:236,238). Dit geld veral ten opsigte van korttermyngroepterapie.

### 6.2.2.4 Groepterapeutiese tegnieke

* Dit het geblyk dat die ontmoetingsgroeptegnieke wat tydens hierdie ondersoek gebruik is, wel geskik is vir groepterapie aan die betrokke dogters. Hulle het veral gehou van die spel en ander nie-verbale aktiwiteite. Dit is 'n besonder geskikte kommunikasiemedium vir daardie dogters wat te bedreig gevoel het om op meer persoonlike vlak te kommunikeer, of moeilik kon verbaliseer. Dit het die geleentheid gebied tot gevoelsontlading, ontspanning, spontane deelname en interaksie op 'n nie-bedreigende vlak. Dit is ook 'n goeie metode om die ys te breek en is 'n goeie medium waardeur groepsamehorigheid met verloop van tyd opgebou kan word, sodat ontmoeting op dieper vlakke kon realiseer.

* Verbale interaksie is wel noodsaaklik, maar lang besprekings en ontledings van die groepgebeure en persoonlike probleme blyk nie suksesvol te wees met verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente dogters nie, veral wanneer daar nog nie sterk groepsamehorigheid is nie.

* Rolspel het besondere moontlikhede as terapievorm vir verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters. Dit bied aan die dogters die geleentheid om hulself te wees agter die "masker" van toneelspel. Dit bied ook geleentheid vir die aanleer van interpersoonlike kommunikasievaardighede binne konkrete situasies. Die blote feit dat hulle dit spontaan kan waag om in die groep nuwe situasies te skep, het reeds terapeutiese waarde.

* Musiekfantasie was besonder effektief om die groeplede te lei tot bewuswording van die eie gevoelens. Dit behoort veral doeltreffend aangewend te kan word wanneer daar reeds genoeg vertroue in die groep is, sodat groeplede hul onopgeloste gevoelens in die groep tot uiting kan bring en kan deurwerk.

* Ook die "leë-stoel"-tegniek was besonder effektief om die dogters bewus te maak van hul ware gevoelens en onopgeloste probleme. Dit bied geleentheid vir gevoelsontlading en maak groeplede bewus daarvan dat hul medegroeplede probleme en gevoelens beleef soortgelyk aan hul eie. Dit bied dus geleentheid vir ontmoeting met die self, asook met die medemens.

6.2.2.5 **Die waarde van hulpterapeute**

* Die teenwoordigheid van die twee manlike hulpterapeute was van groot waarde in hierdie ondersoek. Hulle het meegehelp om rigting te gee aan die groepterapeutiese verloop. Waar moontlik het hulle groepsituasies benut vir steungewing en heropvoeding. Hulle kon ook behulpsaam wees ten opsigte van die beplanning van die groepterapie.

Verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters stel uitermate hoë eise aan die terapeut se vermoë om neutraal en aanvaardend te bly. Die dogters het egter besondere ontsag getoon vir die gesag van die manlike terapeute. Wanneer die verloop van die terapie soms bedreig is deur spanning en konflik, kon hulle die dogters kalmeer. Hulle het dus ook ten opsigte van die gesagsverhouding 'n positiewe invloed gehad in die groep. Verder kon hulle dien as rolmodelle van positiewe manlike gedrag, veral ten opsigte van die betrokke dogters, wat elkeen in 'n problematiese verhouding tot haar vader staan.

6.2.2.6 **Die evaluering van die groepterapie-effekte**

* Alle aspekte van interpersoonlike kommunikasie in 'n groep kom nie van die begin af tot uiting nie, maar wel met verloop van tyd. Die gedragsevalueringskaal kon dus slegs daardie kommunikasiegedrag aandui wat op 'n gegewe tydstip sigbaar was. Die feit dat sekere kommunikasiegedrag nie waargeneem kon word nie, beteken dus nie noodwendig die afwesigheid van sodanige vermoëns nie.

* Die waarneming, kliniese beoordeling en beskrywing van die groepterapeutiese gebeure deur ervare pedoterapeute was van groot waarde as aanvullende metode van evaluering. Die bloot kwantitatiewe evaluering van kommunikasiegedrag aan die hand van 'n evalueringskaal alleen kon nie die komplekse aard van die groepgebeure voldoende weerspieël nie. Die ooreenstemming wat daar was tussen die kwantitatiewe en kwalitatiewe evaluering van die groepterapie dui daarop dat die kwalitatiewe evaluering ten opsigte van hierdie ondersoek redelik betroubaar is.

6.2.3 **Bevindinge ten opsigte van die effekte van groepterapie**

6.2.3.1 **Opvoedingsverhoudinge en opvoedingskommunikasie**

* Daar was aanduidings dat die dogters tydens groepterapie bewus geword het van die waarde wat hulle ouers vir hulle het. Daar was ook aanduidings van groter dankbaarheid en 'n meer positiewe houding teenoor die ouers. Uit die terugvoering van die dogters het geblyk dat hulle ook beter verhoudinge met hulle ouers kon handhaaf tydens die daaropvolgende vakansie.

* Uit die terugvoering van personeellede het geblyk dat ook die sekondêre opvoedingsverhoudinge met die betrokke dogters in 'n meerdere of mindere mate verbeter het. Die vertrouensverhouding tussen die hoofterapeut en al die betrok-

ke dogters het tydens die groepterapie sodanig versterk dat die dogters nou meer geredelik oor hul diepste probleme kon kommunikeer en intensiewe individuele hulp aan hulle verleen kon word.

* Tydens die groepterapie was daar vele geleenthede tot direkte heropvoeding, ook ten opsigte van die norme van interpersoonlike gedrag.

#### 6.2.3.2 Die fases waarvolgens groepinteraksie verloop

Die groepterapeutiese-interaksie het verloop volgens drie van die vier fases wat deur Yalom (1985:300-310) onderskei is. Die volgende waarnemings is gemaak:

* Tydens die **eerste** fase van groepterapie probeer die groeplede om 'n sosiale posisie in die groep te vind. Die dogters was tydens hierdie fase hoofsaaklik gerig daarop om 'n posisie van aanvaarding, goedkeuring en respek te verwerf. Hulle het baie goed saamgewerk en het hoofsaaklik gedrag openbaar wat voorheen die goedkeuring van gesagsfigure weggedra het. Hierdie gedrag het veral tydens die eerste twee sessies van groepterapie voorgekom.

* Vanaf die derde sessie het die groep vinnig inbeweeg in die **tweede** fase van terapie, die sogenaamde "top or bottom"-fase, waartydens hul gedrag gerig was op oorheersing en mag. Hierdie gedrag het hoofsaaklik voorgekom by daardie dogters wat 'n sterk behoefte gehad het om te oorheers. Daar was weinig sprake van ware interaksie in die groep. Kommunikasie het geskied slegs met en deur die terapeute. Die kommunikasie is verder belemmer deur die steurende gedrag van die meer dominante dogters. By die minder dominante dogters is kommunikasie belemmer deur belangeloosheid, passiwiteit, onsekerheid en onttrekking. Dit het verder geblyk dat juis die dogters wat 'n besondere behoefte gehad het aan afhanklikheid van die terapeut,

probeer het om die gesag van die terapeute te ondermyn, veral toe hulle agtergekom het dat hulle nie die terapeute se gunstelinge is nie.

* Vanaf die negende sessie het die groep geleidelik begin inbeweeg in die **derde fase** van groepterapie. Groepsamehorigheid het begin opbou en die dogters was toenemend meer betrokke by mekaar en by die groepgebeure. Hoewel insinkings voorgekom het, het kommunikasie toenemend verbeter. Ontmoeting het plaasgevind en die groep het toenemend as 'n eenheid gefunksioneer.

#### 6.2.3.3 Die werking van groepterapeutiese faktore

* **Universaliteit:** In die groep het die dogters bewus geword daarvan dat hul leeftydgenote diepliggende probleme en hartseer soortgelyk aan hulle eie beleef. Dit het gelei tot 'n afname in die gevoel van isolasie en het gelei tot groter wedersydse begrip.

* **Die vestiging van hoop:** Dat die dogters hoop gekry het dat hulle gehelp kan word deur groepterapie, het geblyk uit almal se terugvoering dat hulle wil voortgaan met groepterapie.

* **Groepsamehorigheid:** Die opbou van groepsamehorigheid verloop moeisaam en stadig ten opsigte van hierdie dogters, maar dit het wel plaasgevind. Dit het hulle in staat gestel om, veral tydens die laaste aantal sessies, op dieper vlakke met mekaar in ontmoeting te tree.

* **Katarsis:** Daar was geleentheid vir katarsis deur middel van nie-verbale, asook verbale aktiwiteite. Ook negatiewe gevoelsuiting was moontlik en is deur die groep aanvaar.

* **Voorstelling van die primêre gesinsverhoudinge:** Dit het geblyk asof die groep wel 'n geleentheid bied vir die

simboliese herskepping van die primêre opvoedingsituasie. Die kommunikasieprobleme wat elke dogter in haar primêre opvoedingsituasie ondervind het, was spoedig duidelik uit haar interaksie in die groep.

* **Die aanleer van sosiale vaardighede:** Die groepterapie het geleentheid gebied vir die aanleer van sosiale vaardighede in die sin dat die dogters se kommunikasiegedrag verbeter het.

* **Selfkennis:** Daar was tydens groepterapie geleenthede om die self beter te leer ken deur die reaksies en terugvoer van medegroeplede, asook deur die eie gevoelens en gedagtes te ondersoek en uit te spreek. Die verwerwing van selfkennis verloop egter moeisaam by hierdie dogters.

* **Altruïsme:** Die dogters se vermoë om mekaar te steun en te versterk het toenemend ontplooi tydens groepterapie. In hul terugvoering na die terapie het hulle laat blyk dat hulle daarvan gehou het om vir mekaar iets te kon beteken. Hulle het geleer om vir mekaar om te gee.

* **Eksistensiële faktore:** Die dogters het bewus geword van die basiese werklikhede en tekortkominge van hul lewens. In die groep is hulle gesteun ten opsigte van die opneem van verantwoordelikheid vir die eie lewe. Hulpverlening in hierdie verband kon voortgesit word tydens individuele pedoterapie na afloop van die groepterapeutiese program.

### 6.2.3.4 Die verwesenliking van interpersoonlike kommunikasie

Die onderstaande bevindinge het veral betrekking op die tweede fase van groepterapie.

* **Gevoelskommunikasie:** Hoewel labiliteit nog voorgekom het, was daar tekens van groter emosionele stabiliteit tydens die tweede fase van groepterapie. Aggressie en konflik het

ook afgeneem. Daar was bewuswording van die eie gevoelens, toenemende bereidheid tot gevoelsuiting, asook toenemende gevoelsmeelewing met mekaar. Daar was egter nog aanduidings van labiliteit by sommige dogters. Veral konflik buite die groep, asook verlange na die ouerhuis het gelei tot insinkings. In die algemeen gesien, het gevoelskommunikasie verbeter.

* **Magskommunikasie:** Hoewel die dogters moeilik gefunksioneer het in 'n "vryer" terapeutiese ruimte, was daar tog toenemende aanduidings van aanvaarding van die gesag van die terapeute, asook van die norme van behoorlike interpersoonlike gedrag. Samewerking het toenemend verbeter en daar was 'n afname in die behoefte om mekaar te oorheers.

* **Buigsaamheid:** Hoewel die dogters tot aan die einde toe sterk individualisme vertoon het, en elke dogter nog redelik vasgevang was in die spesifieke beperkings ten opsigte van haar kommunikasievermoë, was daar tydens die tweede fase groter buigsaamheid en aanpasbaarheid te bespeur in die groep.

* **Erkenning van die ander:** Tydens die terapie was daar aanduidings van 'n toenemende bewuswording van andere as medemense. Egosentriese gedrag het in die algemeen afgeneem en betrokkenheid by mekaar en by die groepgebeure het toegeneem. Ook die frekwensie van stry, baklei en beledig het afgeneem en in die algemeen het die dogters groter agting aan mekaar betoon.

* **Rasionele denke:** Dit was moeilik om te bepaal of hierdie dogters meer rasionele sienings oor hulleself en hul medegroeplede verwerf het, veral omdat sommige dogters baie moeilik hul gedagtes kon verbaliseer. Hierdie aspek sou waarskynlik eers tot sy reg kom na langdurige terapie, waartydens daar meer gesprekvoering kon plaasvind. Daar was

tog aanduidings van begrip vir mekaar se probleme, veral tydens die laaste aantal sessies.

* **Gesprekvoering:** Sommige van die betrokke dogters is ernstig geremd ten opsigte van die vermoë tot gesprekvoering. Die verstandelik sterker en meer uitlewende dogters het hier 'n voorsprong getoon. Dat hul gesprekvoering egter van waarde was vir die dogters wat moeiliker gepraat het, het geblyk uit hul terugvoering, toe hulle aangedui het dat hulle graag ook oor hul probleme sou wou praat soos die ander dogters. Hulle het dus bewus geword daarvan dat die vermoë om gesprek te voer 'n belangrike vaardigheid is. Hulle kon andersyds weer deur hul besondere luistervermoë vir die ander dogters as goeie voorbeelde dien. Die vermoë om te luister na mekaar het in die algemeen toegeneem namate egosentriese en steurende gedrag afgeneem het. Tydens sommige van die laaste sessies het alle dogters met groot belangstelling na mekaar geluister.

* **Ontmoeting:** Dit het geblyk dat daar tog vordering was na 'n vlak van kommunikasie waar ontmoeting kon plaasvind. Daar was meer wedersydse vertroue en begrip vir mekaar. Die dogters het mekaar tot 'n groot mate aanvaar, en waardering getoon vir mekaar. Hulle was ook besorg oor mekaar en wou mekaar ondersteun. Daar was aanduidings dat die groeplede geborgenheid beleef het in die groep.

Die dogters was egter aan die einde van die groepterapie nie op 'n gelyke vlak ten opsigte van hul vermoë om in ontmoeting te tree nie. Die meer uitlewende dogters was reeds op 'n vlak waar hulle bereid was om oor meer persoonlike probleme te gesels. Die meer teruggetrokke dogters en die dogters wat nog nie diepliggende lewensprobleme effektief verwerk het nie, sou moontlik eers na langdurige groepterapie hul probleme met die groep kon deel. Dit is moontlik dat 'n erg teruggetrokke dogter, soos E, nooit die stadium sou bereik waar sy bereid sou wees om persoonlike

probleme in groepverband deur te werk nie. Die agterstand ten opsigte van kommunikasievermoë sou moontlik ook ingehaal kon word deur tegelykertyd individuele hulp te verleen aan daardie dogters in die groep wat moeilik kommunikeer.

* **Waarde-oordrag:** Dit het geblyk, veral tydens die rolspelsessies, dat ook hierdie dogters, nadat openheid en vryheid ingetree het in 'n terapeutiese klimaat, 'n behoefte het om die norme van aanvaarbare interpersoonlike gedrag aan te leer. Die ontplooiing van die kommunikasiemoontlikhede van die betrokke dogters dui daarop dat daar wel waarde-oordrag plaasgevind het in hierdie opsig. Die vaslegging en internalisering van waardes vereis egter langtermyn groep- en individuele hulpverlening.

* Ten opsigte van die **ontplooiing van elke afsonderlike proefpersoon,** het dit geblyk dat elke dogter gebaat het ten opsigte van haar spesifieke kommunikasieprobleme.

* Uit die **terugvoer van die dogters** oor hul belewinge tydens groepterapie het hulle deurgaans aangetoon dat hulle gehou het van die spontane deelname en samesyn. Waarvan hulle besonder baie gehou het, was om probleme met mekaar te deel. Hulle het in die algemeen aanvaarding, begrip en ondersteuning beleef. Hulle het ook groter selfagting en selfvertroue verkry. Sommiges het dit beleef dat hulle na die terapie minder aggressief was. Hulle het dit egter besonder moeilik gevind om oor hul diepste probleme te praat. Tog blyk dit dat hierdie dogters deur middel van herbelewing van die eie gevoelens en probleme, sowel as deur middel van positiewe interaksie met die leeftydgenote in 'n terapeutiese klimaat, gekom het tot 'n **meer positiewe betekenisgewing** aan die self en die medegroeplede.

* Net soos individuele terapie, verloop groepterapie met verstandelik gestremde, gedragsgeremde kinders veel **stadiger** en **minder geordend** as met verstandelik normale

kinders. Hoewel daar toenemende verbetering was ten opsigte van die dogters se kommunikasiegedrag, het heelwat insinkings voorgekom.

Die bevinding van hierdie ondersoek kan saamgevat word deur die volgende navorsingshipotese te aanvaar: Verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente dogters in 'n kliniekskool is deur middel van groepterapie gehelp tot die ontplooiing van hul kommunikasievermoëns.

## 6.3 AANBEVELINGS

* Groepterapie behoort 'n geïntegreerde deel te vorm van ortopedagogiese hulpverlening in 'n kliniekskool vir verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente.

* Die onderrig en inoefening van aanvaarbare interpersoonlike kommunikasiegedrag in groepverband is noodsaaklik voordat daar met hierdie dogters op dieper vlakke in 'n groep gewerk kan word. Ontmoetingsgroeptegnieke het dus waarde om hierdie dogters te leer kommunikeer. Die waarde van lewens- en kommunikasievaardigheidsonderrig in hierdie verband verdien verdere navorsing.

* Die waarde van ander groepterapeutiese tegnieke en metodes van hulpverlening aan verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente behoort ondersoek te word. Veral aktiwiteits-, kuns- en spelterapie met pre-adolessente en minder intelligente kinders en gesprekterapie met die meer intelligente groep adolessente in die betrokke kliniekskool, verdien verdere navorsing.

* 'n Ernstige kommunikasieprobleem ten opsigte van die betrokke dogters is hul ontoereikende hantering van konflik en aggressie. Die moontlikheid van die onderrig van konflikhantering in groepverband behoort verder ondersoek te word. In hierdie verband behoort die waarde van rolspel as

'n metode om kommunikasievaardighede te onderrig, probleme op te los of gedrag te wysig verder nagevors te word.

* Die effekte van langtermyngroepterapie behoort bestudeer te word, met die doel om meer diepliggende persoonlikheidsveranderinge na te vors.

* Metodes waarvolgens die oordrag van die effekte van groepterapie na die alledaagse lewenssituasie van die betrokke kinders bevorder kan word, asook metodes waarvolgens die sukses van oordrag geëvalueer kan word, behoort nagevors te word

* Opvolgstudies behoort gedoen te word om die langtermyneffekte van groepterapie te bepaal.

* Metodes waarvolgens die effekte van groepterapie ten opsigte van verstandelik gestremde, gedragsgeremde kinders in 'n kliniekskool geëvalueer kan word, behoort verder nagevors te word.

* Toepaslike meetinstrumente behoort ontwerp of reeds bestaande meetinstrumente aangepas te word vir die evaluering van groepterapie-effekte by verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente. Die waarde van projeksietegnieke in hierdie verband behoort nagevors te word.

* Dit was moeilik om die dogters se gedrag tydens elke sessie vir elke wesenskenmerk van kommunikasie kwantitatief te evalueer, aangesien sommige vorms van gedrag soms nie voorgekom het nie. Die gedragsevalueringskaal sal so aangepas moet word dat slegs gedrag wat wel voorkom, geëvalueer word. Dit kan moontlik gedoen word deur die frekwensie van sekere positiewe gedragsvorme te bepaal en daarvolgens te oordeel of kommunikasiegedrag verbeter. Terselfdertyd kan 'n afname in negatiewe kommunikasiegedrag ook geëvalueer word.

* Die selfverslaggewingsvraelys het nie kwantitatiewe self-evaluering moontlik gemaak nie. Die moontlikheid van 'n eenvoudige kwantitatiewe selfverslaggewingsvraelys behoort ondersoek te word.

## 6.4 TEKORTE VAN HIERDIE ONDERSOEK

* Die vernaamste beperking van hierdie ondersoek is dat dit korttermyngroepterapie behels het. Dit het die bestudering van oordrag na alledaagse lewenssituasies, asook die bestudering van langtermyneffekte, uitgeskakel.

* Die beperking ten opsigte van die eksperimentele ontwerp was dat geen kontrolegroep gebruik kon word nie. Die aard van die kliniekskoolpopulasie het dit ook onwenslik gemaak om tydsloerontwerpe te gebruik.

* Die meetinstrumente is nie gestandaardiseerd nie en het slegs subjektiewe beoordeling moontlik gemaak. Belangrike bronne van terugvoering, soos formele gedragsevaluering deur ander personeellede in die skool- en koshuisopset, asook moontlike veranderinge in skolastiese prestasie, is nie benut nie.

* Die ondersoek het betrekking op 'n beperkte populasie en is dus nie veralgemeenbaar na ander populasies nie. Groepterapie met verskillende tipes kinder- en adolessente groepe behoort verder nagevors te word.

Ten slotte kan gesê word dat hierdie ondersoek daarop dui dat groepterapie wel beskou kan word as 'n potensieel effektiewe ortopedagogiese hulpverleningsmetode aan verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente dogters in 'n kliniekskool. Deur middel van die heropvoedingsbemoeienis van die pedoterapeute met dogters wat hulself oopgestel het vir heropvoeding, is daar 'n klimaat van aanvaarding, begrip en vertroue in die groep gevestig wat van terapeutiese waarde was. Wanneer gedragsgeremde kinders

wat geneig is tot afweergedrag met mekaar in ontmoeting tree, het verbetering van kommunikasie plaasgevind en het die groepterapie sy doel bereik. Die groepterapie het dan ook geblyk 'n inoefening te wees in ontmoeting met die leeftydgenote as menswaardige medemense.